# KLEURRYKE KEUSES

Maak allerlei snuisterye vir die marktafel. Nuttige houers, sierkussings, eiermussies en popklere ...



**Mooi sierkussings, nie moeilik om te maak nie. Die aanwysings verskyn op bl. 70.**

**Fraai mussies om gekookte eiers warm te hou. Die diagramme met borduuraanwysings verskyn op bl. 73. Gebruik kleure na eie keuse.**





**Versier konfytpotte met vrolike dekselrokkies. Gebruik Aida-weefstof of reslappies om die mooi prentjies in kruissteek te borduur. Tooi dan die bottels daarmee. Werk elke kruisie oor 2 stofdrade.**

Versamel mooi gekleurde botteltjies waarin jy enkele blomme kan plaas of wat jy net so op jou koffietafel of vensterbank kan uitstal. Maak die bottels uniek met goue Decra Led-loodstrokies van BRASCH HOBBY. Volg die vervaardiger se aanwysings noukeurig.





Trek vir Barbie aan in 'n oulike kortbroekpakkie, 'n sweetpak of 'n fraai rokkie. Die patrone is doodmaklik en jy kan dit in 'n japtrap brei. Die patrone verskyn op bl. 70.







Dis maklik om gewone bottels na oudhede te laat lyk. Blaai na bl. 71 vir die aanwysings.




Pragtige matjies waarop warm goed soos 'n teepot neergesit kan word, is iets waarvan daar in 'n huis nooit te veel kan wees nie.

Saag 'n sirkel met 'n elektriese figuursaag uit veselbord. Skuur die kante glad met skuurpapier vir hout. Kies twee of drie kleure Heritage Craft Colour van BRASCH HOBBY om die veselbordsirkel te verf. Wend 'n ligterige kleur met 'n 20 mm-kwas en lang hale oor die middelste derde van die sirkel aan. Druk die kwas in 'n nog ligter kleur sonder om die kwas skoon te maak. Verf dié kleur langs die eerste kleur sodat die twee kleure inmekaar vloei. Herhaal die proses met 'n derde, donker kleur. Jy kan die matjie verder versier deur 'n ontwerp daarop aan te bring – jy kan dié van jou breekgoed nateken as jy wil. Laat die verf goed droog word. Bedek die matjie met 'n paar lae Nova 17-verseëlaar vir hout. Laat elke laag goed droog word voor jy die volgende aanwend.

'n Mooi versierde sneesdoekiehouer sal 'n aanwins op jou spieëltafel wees. Die aanwysings verskyn op bl. 71.



# Breiklere, oulike sakke, hekelrandjies, houers en skoenversierings






'n Waslappie met 'n hekelrandjie sê jy gee net 'n tikkie meer om ... Die hekelpatrone verskyn op bl. 71.

**Bo:** 'n Modieuse jassie vir 'n dierbare woef. Ons vriendjie moet mos ook warm bly wanneer die koue kom ... Die breipatroon verskyn op bl. 72.

**Regs:** Potpourri verskaf kleur en versprei heerlike geur deur 'n vertrek. Jy kan jou eie maak – blaai na bl. 72 vir die aanwysings.

**Heel regs:** Pragtige kousies vir babavoetjies. Die breipatrone verskyn op bl. 72.







'n Doekesak is onmisbaar wanneer daar 'n baba in die huis is. Die aanwysings verskyn op bl. 71.




Maak 'n oulike sak om wasgoedpennetjies bymekaar te hou. Die aanwysings verskyn op bl. 71.



'n Houer vir kieries en tydskrifte, 'n plant of vullis – jy kan kies waarvoor jy hom wil gebruik. Die aanwysings vir die versiering verskyn op bl. 71.



Hou jou rolle kleefplastiek, aluminiumfoelie, waspapier en dergelike bymekaar in 'n mooi sak. Die aanwysings verskyn op bl. 72.



Hou plastieksakke netjies weggepak. Die aanwysings vir die maak van die sak verskyn op bl. 71.



Verfraai jou seilskoene maklik en treffend deur knope wat in die huis rondlê daarop vas te werk. In plaas van veters deurryg, kan jy swart tartan-lint vir 'n tikkie waaghalsigheid gebruik. En siedaar – 'n pronkstuk!

## AANWYSINGS VIR HANDWERK

### AFKORTINGS
**Hekelwerk:** ks – kettingsteek; gs – glipsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; p – picot, 3ks, 1kb in 1e ks; herh – herhaal; vlg – volgende; st(e) – steek(steke).
**Breiwerk:** r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); vlg – volgende; beg – begin; tes – tesame; gl – glip; adl – agter deur lus; r2tes – brei 2 steke tesame regs; aw2tes – brei 2 steke saam aweregs; rgw – regsgewys; awg – aweregsgewys; rs – reksteek, elke ry regs; gon – gare oor breinaald; herh – herhaal; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gv – gare vorentoe; pat – patroon; m1 – maak 1 st deur lus wat voor vlg st lê, op te tel en in agterkant daarvan te brei; grtgso – glip 1 st, brei 1 st regs, trek gs oor; ks – koussteek, 1 ry r, 1 ry aw; rif – riffelsteek, r1, aw1; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.
**Naaldwerk:** RK = regte kant; VK = verkeerde kant; NT = naattoelating.

## KLERE VIR BARBIE

## PRETTIGE PARTYTJIEDRAG

### BENODIGDHEDE
Sowat 20 g rooi vierdraadbreidraad; 1 paar 3 mm-breipenne; 3 rooi knopies; sierknopies of kraletjies; stukkie rek vir kopband.

### MATE
Die patroon is ontwerp om te pas vir 'n Barbie-pop van sowat 30 cm lank.

### SPANNING
26 ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor ks met 3 mm-breipenne.

### ROK
Stel 84 ste op en brei 4 rye rs.
Brei 20 rye ks.
**Vlg ry:** *R2tes, herh van * tot einde – 42 ste.
**Vlg ry:** *Aw2tes, herh van * tot einde – 21 ste.
Brei 2 rye ks.
**Vlg ry:** R8, vermeer in vlg st, r3, vermeer in vlg st, r8.
Brei 3 rye ks, beg met 'n aw-ry.
**Vlg ry:** R8, vermeer in vlg st, r5, vermeer in vlg st, r8 – 25 ste.
Brei 7 rye ks, beg met 'n aw-ry.
Brei 5 rye rs. Heg af.

### SKOUERBAND (2)
Stel 10 ste op en brei 2 rye rs. Heg af.

### HAREBAND
Stel 20 ste op en brei 4 rye rs. Heg af.

### STRIK
Stel 9 ste op en brei 4 rye rs. Heg af.

### AFWERKING
Werk agternaat van romp toe, maar laat opening van 2 cm by middellyf. Werk skouerbande voor en agter aan boonste deel van rok vas. Maak 3 knooplussies langs regterkant van agterste opening. Werk knopies aan linkerkant van opening vas. Ryg stuk breidraad deur middel van strik, trek styf en werk vas. Werk kraletjie daarop vas en werk strik by middellyf vas. Werk rekgare aan punte van hareband vas.

## KORTBROEK EN HALTERHALSBOSTUK

### BENODIGDHEDE
Sowat 15 g pers vierdraadbreidraad; 1 paar elk 2,75 mm- en 3 mm-breipenne; rekgare; 1 klein knopie; drukkertjie.

### KORTBROEK (2)
Gebruik 3 mm-Ne en stel 30 ste op. Brei 4 rye rs.
Brei 8 rye ks.
**Fatsoeneer kruis:** Brei ks, heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.
Vermin 1 st aan begin van elk van vlg 6 rye – 18 ste.
Gebruik 2,75 mm-Ne en brei 3 rye rif.
Heg rifsgewys af.

### HALTERHALSBOSTUK
Gebruik 3 mm-Ne en stel 28 ste op. Brei 4 rye rs.
Heg af.

### LYFIE (2)
Gebruik 3 mm-Ne en stel 6 ste op.
**Vlg ry:** R2, vermeer in vlg 2 ste, r2 – 8 ste.
Brei 6 rye rs.
Vermin 1 st aan beg en einde van vlg ry en vlg ewe ry – 4 ste.
Brei 8 rye rs.
Heg af.

### AFWERKING
**Broekie:** Werk synate tot by kruis toe. Werk kruis toe. Ryg rekgare deur bo- en onderrande van rif om middellyf.
**Bostuk:** Werk opstelrande van lyfie aan middelste gedeelte van band. Werk afhegrande van gedeeltes vir lyfie vas. Maak knooplussie aan 1 punt van band en werk knopie aan ander punt van band.
Werk sierknopie aan voorkant vas.

## SWEETPAK

### BENODIGDHEDE
Sowat 25 g groen vierdraadbreidraad; klein hoeveelheid van dieselfde breidraad in pienk; 1 paar elk 2,75 mm- en 3 mm-breipenne; 6 drukkertjies; rekgare.

### BROEK (2)
Gebruik 2,75 mm-Ne en groen, stel 14 ste op. Brei 4 rye rif.
**Vlg ry:** *Rif 1, vermeer in vlg st; herh van * tot einde – 21 ste.
Gebruik 3 mm-Ne en brei 10 rye ks.
Brei verder in ks en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg10e ry tot daar 27 ste op N is.
Brei 13 rye ks, eindig met 'n VK-ry.
Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.
Vermin 1 st aan beg van elk van vlg 4 rye – 19 ste.
Brei 4 rye ks, vermin 1 st in middel van laaste ry.
Gebruik 2,75 mm-Ne en brei 4 rye rif.
Heg rifsgewys af.

### BAADJIE
(Brei aaneen tot by mousgate.)
Gebruik 2,75 mm-Ne en groen, stel 40 ste op. Brei 4 rye rif.
Slaan oor na 3 mm-Ne en brei streep-pat soos volg:
Heg pienk vas en brei 2 rye ks.
Heg groen vas en brei 2 rye ks.
Herh dié 4 rye vir pat.
Brei pat tot 22 rye voltooi is.
**Verdeel vir mousgate** – gaan voort met streep-pat.
**Vlg ry:** Pat 9, heg 2 ste af, pat 18, heg 2 ste af, pat tot einde.
Brei oor die laaste groep ste vir linkervoorpant.
Brei 8 rye pat, eindig by halsrand.
**Halsvorming – vlg ry:** Heg 4 ste af, pat tot einde – 5 ste.
Brei 4 rye pat.
Heg af.
Heg breidraad vas aan middelste groep ste en brei 13 rye pat vir agterpant.
Heg af.
Heg breidraad vas aan oorbl ste en brei soos vir linkerpant.

### MOUE (2)
Gebruik 2,75 mm-Ne en groen, stel 14 ste op. Brei 4 rye rif.
**Vlg ry:** *Rif 3, vermeer in vlg st; herh van * tot laaste 2 ste, rif 2 – 17 ste.
Slaan oor na 3 mm-Ne en brei 28 rye pat. Heg af.

### VOORSTE RAND
Gebruik 2,75 mm-Ne en groen en tel 24 ste op uit regtervoorpantrand.
Brei 3 rye rif.
Heg lossies rifsgewys af.
Brei nog so 'n rand langs linkervoorpant.

### KRAAG
Gebruik 2,75 mm-Ne en groen, stel 32 ste op. Brei 7 rye rif.
Heg lossies rifsgewys af.

### AFWERKING
**Baadjie:** Werk mounate toe. Werk moue in mousgate vas. Werk kraag aan halsrand vas. Spasieer 5 drukkertjies eweredig langs linker- en regtervoorpante.
**Broek:** Werk binnebeennate tot by kruis toe. Werk kruis toe. Ryg rekgare langs bo- en onderrande van rif om middel.

## KUSSINGS

## KUSSING A

### JY BENODIG
1 m lap – gordynstof of denim is ideaal; vulstof om kussing op te stop; 152 cm koord – jou kan ook gebruik word deur 'n paar stringe bymekaar te voeg; bypassende masjiengare.

### MAAK SÓ
- Knip 2 vierkante van 40 x 40 cm elk en knip lang stroke, 12 cm breed. Stik stroke aan mekaar sodat jy lang strook van 300 cm het.
- Vou oorlangs dubbel, plaas koord binne-in en stik naat toe met NT van 1,5 cm. **Let wel:** Stik teenaan koord sonder om koord vas te stik.
- Stik sowat 15 cm; hou naald in kledingstof en lig net voetjie op.
- Trek koord sodat kledingstof plooi. Laat sak voetjie en stik weer sowat 15 cm. Herhaal proses tot koord en kledingstof ewe lank is.
- Stik punte van strook aan mekaar vas sodat jy sirkel verkry.
- Met RK teen mekaar, plaas 2 vierkante bo-op mekaar en speld strook tussen 2 lae vas sodat ingeplooide strook binnekant is. Laat opening om kussing op te stop.
- Dop om en stop op.
- Werk opening met hand toe.


## KUSSING B

### JY BENODIG
1 m kledingstof; 13 x 45 cm voering om te pas by kledingstof; 40 cm satynlint; vulstof; 40 cm bypassende koord.

### MAAK SÓ
- Knip 2 vierkante van 40 x 40 cm elk uit kledingstof.
- Knip reghoek van 13 x 45 cm uit kledingstof en voering.
- Stik reghoeke se sypante vas met RK teenmekaar om silindervorm te verkry.

Herhaal met voering.
- Plaas 2 silinders met RK teenmekaar binne-in mekaar en stik aan bokant vas. Dop om.
- Trek sirkel met deursnee van 12 cm in middel op RK van 1 van vierkante. Speld onderkant van silinder op sirkel vas en stik vas om sakkie te verkry.
- Rond sakkie af deur koord bo-op vas te werk.
- Met RK teenmekaar, stik nate van vierkant toe sodat sakkie aan binnekant is.
- Laat opening om op te stop.
- Dop om en stop kussing op. Werk opening met hand toe.

Sakkie kan nou gebruik word om potpourri of lekkerruikseep in te plaas.
- Bind bokant van sakkie toe met satynlint.




## KUSSING C

### JY BENODIG
40 cm klerdingstof; 60 cm bypassende klerdingstof; 6 oortrekknope; vulstof.

### MAAK SÓ
- Knip 2 sirkels volgens patroon.
- Knip blare volgens patroon.
- Stik nate toe, maar laat onderkante oop. Vul met vulstof en stik nate onder toe.
- Met RK teenmekaar, plaas 2 sirkels op mekaar en speld blare tussen sirkels vas – blare na binnekant.
- Stik vas en laat opening om kussing te vul met vulstof.

Werk opening met hand toe.
- Trek knope oor met dieselfde klerdingstof as blare en werk bo-op kussing vas.

## SNEESDOEKIEHOUER
Gebruik Heritage Craft Colour-verf van BRASCH HOBBY en verf hele houer met onverdunde kleur na eie keuse. Laat basiskleur goed droog word. Vryf wit Heritage Craft Colour, wat met 50% water verdun is, met sagte lap en klein sirkelbewegings oor basiskleur om dit te versag. Sny klein lourierblaarvorms met kunsvlytmessie uit stuk harde karton en gebruik sjabloonkwas om blaartjies met onverdunde Heritage Craft Colour op houer aan te bring. Rond houer af deur klein bietjies Liquid Leaf van BRASCH HOBBY om blaartjies en op rande van houer met dun kwassie te verf.
- LITTLE GABLES verskaf allerlei nuttige houers van saamgeperste hout.

## BOTTELS

### JY BENODIG
Wyn- of ander bottels met gladde oppervlak; Heritage Transfer Medium; Heritage Antique Crackle; olieverf; aanspuitvernis; 1 rol toiletpapier of boks sneesdokies.

**Let wel:** Twee tot drie kleure olieverf word per bottel gebruik. Onvermengde kleure gee treffender resultate as aardse kleure. Kies kleure wat mekaar goed aanvul as hulle vermeng word, soos rooi en blou, rooi en pers, blou en pers, lig- en donkergroen, of blou en groen. Vermy bottels met 'n patroontjie op.

### MAAK SÓ
- Verwyder etikette en was bottels deeglik om van alle gom en seep ontslae te raak.
- Verf laag Transfer Medium egalig oor hele bottel. Maak seker alle glas is bedek. Laat dit heeltemal droog word.
- Wend laag Antique Crackle egalig aan en laat dit heeltemal droog word. Fyn krakies sal vorm.
- Wend kolle verf aan in min of meer die patroon wat jy verlang. Vryf verf met papier tussen krakies in en sorg dat kleure egalig inmekaar vloei. Maak seker jy vryf genoeg verf af sodat bottel deursigtig en daar geen verfstrepe is nie. Waar verf te dik is, kan jy papier effens klam maak en dit baie versigtig afvee – te veel water sal Antique Crackle oplos. Was jou hande met seep en water.
- Laat staan bottels paar dae lank tot verf heeltemal droog is. Spuit minstens 2 lae vernis aan.
- Stal bottels uit op plek waar lig deur hulle kan skyn, soos op vensterbank.
- **Versorging:** Moenie bottels in water dompel as hulle stowwerig raak nie – vee hulle eerder met klam lap af. As hulle nie rof gehanteer word nie, behoort hulle jare lank mooi te bly.

## WASLAPPIES MET HEKELRANDJIES

### BENODIGDHEDE
Twee waslappies van 30 x 30 cm; Pingouin Nr. 8 hekelgare, paar gram elk – pienk en beige; hekelpen van 1,50 mm.

### BEIGE RANDJIE
**1e rondte:** Met RK voor, heg gare aan waslaphoek vas; hekel 354kb, eweredig gespasieer, sowat 88 per rand, rondom waslap; eindig met gs in 1e kb.

**2e rondte:** 1kb in 1e kb van vorige rondte, *slaan 2kb oor, (3lb, 1p, 3lb) in vlg kb, slaan 2kb oor, 1kb in vlg kb*; herh van * tot * tot laaste 2 kb, slaan dié 2kb oor, en eindig met gs in 1e kb. Knip gare af en werk af.

### PIENK RANDJIE
**1e rondte:** Soos 1e rondte van beige randjie.

**2e rondte:** 1kb in 1e kb van vorige rondte, *slaan 2kb oor, (2lb, 4dsl, 2lb) in vlg kb, slaan 2 kb oor, 1kb in vlg kb*; herh van * tot * tot laaste 2kb, slaan dié 2kb oor en eindig met gs in 1e kb. Knip gare af en werk af.

## MEERDOELIGE HOUER
Verf houer met wit Heritage Craft Colour van BRASCH HOBBY. Laat verf goed droog word. Plak maskeerband sowat 3 cm uitmekaar op houer en verf elke 2e streep met swart Heritage Craft Colour. Laat verf goed droog word. Bring swart Letraset-letterwerk op wit gedeeltes aan bokant van houer aan. Letraset is te koop by kunswinkels. Jy kan rytjie letters op basis ook aanbring as jy wil. Verseël houer met Nova 17-vernis vir hout en laat goed droog word. Dit voorkom dat Letraset mettertyd afvryf. Verf vraag- en uitroeptekens met Liquid Leaf van BRASCH HOBBY op swart strepe en rond rande ook daarmee af. Dit is belangrik om Liquid Leaf heel laaste aan te bring, aangesien dit smeer as jy vernis daaroor verf.
- Houer van LITTLE GABLES.

## BÊRESAK VIR PLASTIEKSAKKIES

### JY BENODIG
Stuk lap van sowat 55 x 55 cm – las reslappies aan mekaar as jy nie so 'n groot stuk het nie; smal rek, sowat 15 cm; 1 m smal koord.

### MAAK SÓ
- Vou lap dubbel met RK teenmekaar en stik 2 sye aan mekaar vas sodat jy buis verkry.
- Maak knoopsgat sowat 1 cm van boonste rand af. Werk rafelrand af en werk 1,5 cm-soompie in. Sny knoopsgat oop en ryg koord daardeur. Knoop koord se punte saam.
- Stik 1 cm-soompie in onderste rand en ryg rek daardeur. Stop sak by koordkant vol winkelsakke en trek aan rekkant uit.

## WASGOED-PENNETJIESAK

### JY BENODIG
2 stukke swart lap: 36 x 26 cm en 36 x 44 cm; stuk swartbont lap van 36 x 44 cm; sowat 40 cm rooi skuinsband; wit en swart lappies vir appliekwerk; appliek-Vilene; houthanger; swart lint.

### MAAK SÓ
- Vou kleinste stuk swart lap met lang sye opmekaar. Pars. Plaas hanger in middel van rafelrandsy en trek ronding van hanger na. Applikeer oë weerskante van middel.
- Plaas swartbont en ander swart lap met RK teenmekaar. Plaas klein lap met oë op boonste, kort rafelrande. Knip op ronding wat nagetrek is. Stik klein lappie aan groot lap vas by ronding met RK teenmekaar. Laat 1 cm-opening in middel vir hanger.
- Vorm onderkant van swart en swartbont lappe saam. Werk af met skuinsband.
- Plaas sak met bont kant na bo. Vou bont deel sowat 17 cm om sodat swart kant bo is. Vou boonste stukkie swart lap oor vir flap. Stik sye toe. Vorm onderste hoeke effens rond.
- Dop om, saag hanger af tot verlangde lengte en steek in bokant van sak.
- Draai swart lint om hanger.

## DOEKESAK

### JY BENODIG
Swart-en-wit streeplap: 2 reghoeke van 27,5 x 11 cm; streeplap en wit polikatoen: 1 stuk elk van 45 x 78 cm en 1 stuk van 18 x 29 cm; stuk stywe karton van 15 x 26 cm; wit katoenkant; lint.

### MAAK SÓ
- Plaas groot stuk strepiesgoed en wit lap met RK opmekaar en stik kort sye toe. Dop om en stryk.
- Steek op kleiner stuk strepiesgoed

vas sodat groot stuk 1 lang sy in middel 2 cm oorvleuel. Knip by hoekies en stik vas.

- Stik 1,5 cm-soom in 1 kort sy van wit reghoek. Plaas reghoek met RK op sak se kant van strepiesreghoek. Stik 3 kante toe. Dop om sodat basisdele met VK teenmekaar lê en sloop vorm.
- Vou bokant van sak sodat dit voor en agter 26 cm breed is. Vou res van lap in plooi weg en stik vas deur alle lae. Ryg kant in en stik bo-op vas – steek punte in plooie weg.
- Stik lint 1,7 cm van lang sy van 1 oorblywende reghoek af vas. Plaas nou 2 reghoeke met RK teenmekaar. Vorm boonste lang sy volgens hanger se vorm en stik dié sy en 2 kort sye toe. Laat opening vir hanger se haak in lang sy. Dop om en werk lang sy met lint aan voorkant van sak vas. Saag hanger tot regte lengte en steek in. Vou NT aan agterkant in en werk vas.
- Steek karton in sloop by basis.

## BÊRESAK VIR PLASTIEKROLLE

### JY BENODIG

2 stukke swart lap van 40 x 80 cm; 2 stroke ruitjiesgoed – 1 van 37 x 60 cm en 1 van 45 x 20 cm; sowat 50 cm breë lint; stokkie van 40 cm lank.

### MAAK SÓ

- Werk 2 cm-soompie in 1 lang sy van kleiner ruitjieslap. Steek langste sy op 1 korter sy van swart lap vas. Vou plooitjies aan onderkant en stik 2 steeksels sodat sak in 3 afskortings verdeel word.
- Stik 2 cm-soompie rondom groter ruitjieslap. Stik bokant 3 cm van boonste rafelrand af en onderkant 2 cm van bokant van onderste sak af vas. Verdeel volheid eweredig sodat 3 sakke verkry word. Stik met horisontale stiksels.
- Plaas 2e stuk swart lap oor sakke met rafelrande op dié van 1e swart lap. Stik 2 lang sye en onderste kort sy toe. Knip hoekies en dop om.
- Knip 3 stukke lint ewe lank, vou met kort kante opmekaar en steek eweredig gespasieer vas op boonste rafelrand. Vou rafelrande 1,5 cm om en werk vas. Hang op aan stokkie.

## SPESERY-POTPOURRI

Alle potpourri bestaan uit kleur- en geurgoed. Jy kan kleurgoed soos gedroogde blomme met helder kleure, sade en ander droë plantmateriaal versamel. Gebruik geurgoed soos skyfies gedroogde lemoen, stukkies pypkaneel, kruinaeltjies en droë roosknoppies saam. Om kleur en geur van mengsel taamlik lank te behou, moet jy fikseermiddel daarmee meng.

**Fikseermengsel:** Meng gerasperde, gedroogde sitrusskil met droë, fyn gebreekte sandelhout. Drup sowat 10 druppels elk kruinaeltjie-, roos- en sandelhoutolie op mengsel en meng goed deur.

Meng oliedraende fikseermiddel met res van droë materiaal en roer dit gereeld goed deur.

Vervang potpourri sodra kleurgoed verbleik het.

- Gedroogde sandelhout en geurige olie is by gesondheidswinkels beskikbaar.

## KOUSIES VIR KLEINGOED

patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ontwerpateljee

### BENODIGDHEDE

Pingouin vierdraad (50 g-bolle); 1 bol wit, kleur-nr. 01; paar Inox-breipenne van 3,50 mm.

**Let wel:** Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

### MATE

Om kindjie van 6-9 maande te pas; lengte van voetjie 9 cm.

### AANWYSINGS

**Sool:** Gebruik 3,50 mm-Ne en stel 37 ste op. Brei rs.
**Vlg 2 rye:** Deurgaans r, en merk middelste 3 ste om toon aan te dui.
**Vlg ry:** r1, m1, r tot middelste 3 ste, m1, r middelste 3 ste, m1, r tot laaste st, m1, r1.
**Vlg ry:** Deurgaans r.
Herh die laaste 2 rye 4 keer.
R 11 rye op 57 ste wat nou op N is.
**Wreefvorming, 1e ry:** r33, grtgso, draai.
**2e ry:** gl1awg, r9, aw2tes, draai.
**3e ry:** gl1rgw, r9, grtgso, draai.
Herh laaste 2 rye 9 keer.
**Vlg ry:** gl1awg, r9, aw2tes, draai.
**Vlg ry:** gl1rgw, r tot einde.
**Vlg ry:** aw35.
**Gaatjiesry:** r2, (gon, r2tes, r1) tot einde.
**Vlg ry:** Deurgaans aw.
Brei 15 rye rs en heg lossies af.
Brei 2e kousie op dieselfde manier.

### AFWERKING

Werk hak- en soolnaat toe. Draai of hekel 'n koordjie en ryg dit deur gaatjiesry by enkel.

## KANTKOUSIES VIR BABA

patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ontwerpateljee

### BENODIGDHEDE

Pingouin Baby drie- of vierdraad (50 g-bolle); 1 bol wit, kleur nr. 01; paar Inox-breipenne van 3 mm; smal lint.

**Let wel:** Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

### MATE

Om kindjie van 3-6(6-9) maande oud te pas; lengte van voetjie 10 cm.

### SIERPATROON

**1e ry:** r1, *gon, r3, gr2tgso, r3, gon, r1; herh van * tot einde.
**2e ry:** Deurgaans aw.
**3e ry:** r2,*gon, r2, gr2tgso, r2, gon, r3; herh van * tot laaste 9 ste, gon, r2, gr2tgso, r2, gon, r2.
**4e ry:** Deurgaans aw.
**5e ry:** r3, *gon, r1, gr2tgso, r1, gon, r5; herh van * tot laaste 8 ste, gon, r1, gr2tgso, r1, gon, r3.
**6e ry:** Deurgaans aw.
**7e ry:** r4, *gon, gr2tgso, gon, r7; herh van * tot laaste 7 ste, gon, gr2tgso, gon, r4.
**8e ry:** Deurgaans aw. Dié 8 rye vorm die patroon.

### AANWYSINGS

**Beg by voet:** Gebruik 3 mm-Ne en drie- of vierdraad, stel 47 ste op.
**1e ry:** r1, vermeer, r20, vermeer, r1, vermeer, r20, vermeer, r1.
**2e en elke vlg ewe ry:** Deurgaans r.
**3e ry:** r1, vermeer, r22, vermeer, r1, vermeer, r22, vermeer, r1.
**5e ry:** r1, vermeer, r24, vermeer, r1, vermeer, r24, vermeer, r1.
**7e ry:** r1, vermeer, r26, vermeer, r1, vermeer, r26, vermeer, r1.
Brei 9 rye r sonder vorming.
**Wreefvorming, 1e ry:** r36, r2tes adl, draai.
**2e ry:** gl1, aw9, aw2tes, draai.
**3e ry:** gl1, r9, r2tes adl, draai.
**4e ry:** gl1, aw9, aw2tes, draai.
Herh die laaste 2 rye tot 43 ste oorbly, 16 ste aan weerskante van wreef.
**Vlg ry:** r2tes, r tot laaste 2 ste, r2tes – 41 ste.
Brei 3 rye ks, beg met 'n aw-ry.
**Vlg (gaatjies-) ry:** r1, *gon, r2tes; herh van * tot einde.
**Vlg ry:** Deurgaans aw.
Brei nog 2 rye ks.
Brei 24 rye siersteek.
Brei 8 rye rs en heg af.

### AFWERKING

Werk nate toe. Ryg lint deur gaatjiesry. Bind lint aan bokant van kousie in 'n strik.

## ROLKRAAG-HONDEJASSIE

### BENODIGDHEDE

Fiesta Super-dubbelbreidraad (50 g-bolle), 1 bol elk goudgeel, kakiegroen en wynrooi; 1 paar elk 3,75 mm- en 4,00 mm-Ne; 4 tweepuntbreipenne van 3,75 mm; 4,00 mm-hekelpen.

### SPANNING

22 ste en 29 rye ks met 4,00 mm-Ne = 10 x 10 cm.

### MATE

Lengte van agter tot einde van rolkraag is 34,5 cm – kraag vou sowat 4 cm terug; borsmaat 37-44 cm; hals 28-38 cm.

### AGTERPANT

Stel 16 ste op met 4,00 mm-Ne en geel. Brei ks.
**1e ry:** Brei r.
**2e–4e ry:** Vermeer 2 ste weersk van elke ry – 28 ste.
**5e–21e ry:** Vermeer 1 st weersk van elke ry – 62 ste.
Brei 11 rye. Pas lengte hier aan indien nodig – sien wenk.
**Vlg ry:** R7, r2tes, r tot 9 ste oor is, r2tes, r laaste 7 ste.
Brei so voort tot werk 12,5 cm lank is vanaf laaste vermeer.
As truitjie verleng of verkort word, moet verlangde aantal rye hier bygetel of afgetrek word.
**Vermin soos volg:** 2 ste aan beg van vlg 2 rye en 1 st weersk van daaropvlg ry.
**Vlg ry:** R4, r2tes, r tot 6 ste oor is, r2tes, r laaste 4 ste.
Brei verder, maar herh laaste ry nog 2 keer elke 6e ry – 48 ste.
Brei tot werk 15,5 cm lank is vanaf laaste vermeer.
As truitjie verleng of verkort word, moet verlangde aantal rye hier bygetel of afgetrek word.
Vermeer 1 st weersk van vlg 3 rye.
**Vlg ry:** R20, heg 14 ste af, r20.
Brei die dele verder afsonderlik om hals te fatsoeneer.
**Vlg ry:** R oor die laaste 20 ste.
**Vlg ry:** Heg 7 ste af aan halsrand, voltooi ry.
**Vlg ry:** R oor die 13 ste.
**Vlg ry:** Heg 7 ste af, voltooi ry.
Heg oorblywende 6 ste af.
Voltooi die ander kant soos spieëlbeeld van dié kant.

## VOORPANT

Stel 27 ste op met 4,00 mm-Ne en geel.
Brei 5,5 cm enkelrif. Pas lengte hier aan indien nodig – sien wenk.

**Vermin soos volg:** 2 ste aan beg van vlg 4 rye en 1 st weersk van daaropvlg ry – 17 ste.

Brei tot werk 15 cm lank is.

As truitjie verleng of verkort word, moet verlangde aantal rye hier bygetel of afgetrek word.

**Vermeer soos volg:** 2 ste aan beg van vlg 4 rye en 1 st weersk van daaropvlg ry – 27 ste.

Brei 2 rye.

Brei 9 ste, heg 9 ste lossies rifsgewys af, brei 9 ste.

Voltooi elke deel afsonderlik. Brei 2 rye oor die 9 ste en heg dan lossies rifsgewys af.

Voltooi oorblywende 9 ste op dieselfde manier.

## AFWERKING

Gebruik 3,75 mm-Ne en groen vir afwerking.

Tel sowat 62 ste uit agterkant van agterpant en sowat 25 ste uit agterkant van voorpant op.

Brei 2 cm rif. Heg lossies af in rif.

Tel sowat 25 ste uit agterpant en dieselfde aantal ste uit voorpant by 1 beenopening op. Brei 2 cm rif. Heg lossies rifsgewys af. Voltooi ander beenopening op dieselfde manier.

Gebruik die 4 tweepuntbreipenne en tel sowat 74 ste uit halsrand op. Brei rif. Brei 2 rye groen. Herhaal nou 3 rye met geel en 3 rye met groen tot werk 10 cm lank is. Heg lossies rifsgewys af met groen.

Werk nate toe.

## STRIKDAS

Gebruik 3,75 mm-Ne en wynrooi en stel 12 ste op. Brei 6 cm rif. Werk strikdas in posisie vas. Werk klokkie as versiering bo-op strikdassie vas.


Speld truitjie volgens mate uit, maak klam en laat droog word.

## WENK

**Hoe om lengte van truitjie aan te pas**


Verwys na spanning en pas soos volg aan: Om agterpant te verleng, brei bykomende rye sowel as gegewe 11 rye met 62 ste. Om voorpant te verleng, brei dieselfde aantal bykomende rye waarmee agterpant verleng is. Om agterpant te verkort, brei minder as gegewe 11 rye met 62 ste. Verkort voorpant met dieselfde aantal rye waarmee agterpant verkort is.

## DEKSELROKKIES VIR KONFYTPOTTE



## EIERMUSSIES

Gebruik kleure na eie keuse.




foto's MARIAM GILLAN en JACOB MORAKE; benodigdhede van BRASCH HOBBY is by kuns- en stokperdjiewinkels verkrygbaar; navrae BRASCH HOBBY (011) 493-9100; LITTLE GABLES (011) 795-3345; HIGH SOCIETY-versameling geruite kleedstof van WHITEHEADS, (011) 792-2050, (021) 448-3970, (031) 303-1703

Saamgestel deur Sandra Bodenstein, Berendjen Geldenhuys en Riana van der Merwe